

11

PINKSTER

Uitstorting van die Heilige Gees

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat gelowiges onder die leiding van die Heilige Gees die evangelie aan ander mense verkondig.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- die Heilige Gees tydens die pinksterfees uitgestort is.
- Jesus vir Hom deur die Heilige Gees 'n kerk op aarde vestig.

Gesindheid

Die kinders moet –

- beleef dat ons deur die Heilige Gees gelei word.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- die evangelie met woorde en daede aan ander mense verkondig.

MEER INLIGTING (Handelinge 1 en 2)

In Handelinge 1 lees ons dat Jesus oor 'n tydperk van 40 dae nadat Hy uit die dood opgestaan het, by verskeie geleenthede aan die apostels verskyn het. Die woord *apostel* beteken *gestuurde*.

Die Here het die apostels uitgestuur om die evangelie aan alle mense te verkondig. Maar voordat hulle oor Jesus kon getuig, moes hulle eers wag op die gawe wat die Vader beloof het. Hierdie gawe was die Heilige Gees.

Die Heilige Gees is tydens die pinksterfees uitgestort. Die pinksterfees was 'n oesfees wat 50 dae na paasfees gehou is. Tydens hierdie fees is twee brode van die eerste koringoes gebak en aan die Here geoffer om Hom te dank vir die oes. Daarom is hierdie fees ook soms die fees van die eerstelinge genoem. Op hierdie dag, 50 dae na Jesus se kruisdood, was daar duisende Jode uit baie lande by die tempel byeen vir die pinksterfees. God kies hierdie oesfees vir die uitstorting van die Heilige Gees. Tydens daardie eerste pinksterfees het 3 000 (drie duisend) mense gelowig geword. Hulle was die eerste oes vir die koninkryk van die hemel.

Daar was verskillende tekens met die uitstorting van die Heilige Gees tydens hierdie oesfees: die geluid van 'n geweldige stormwind, iets soos vuurvlamme wat verdeel en op elkeen van hulle kom, en mense wat in verskillende tale begin praat. Al die mense wat teenwoordig was, was verbaas en uit die veld geslaan. Maar daar was party wat gespot en gesê het: *Hulle is dronk.*

Petrus het onder leiding van die Heilige Gees die mense toegesprek. Hy het die dissipels verdedig en gesê: *Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie.* Hy verduidelik dat dit wat die profeet Joël voorspel het, nou gebeur het. Die Heilige Gees is uitgestort. Daarom het mense nou gawes ontvang waarmee hulle oor Jesus kan getuig. Petrus het ook begin om die evangelie van Jesus Christus te verkondig. Hy verduidelik aan hulle die betekenis van Jesus se kruisdood en opstanding. Hy verseker hulle dat elkeen wat die Naam van die Here aanroep, gered sal word.

Petrus se preek het die mense diep getref. Hulle het gevra: *Wat moet ons doen?* Petrus antwoord: *Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus...* Dan sal hulle die gawe van die Heilige Gees ontvang. Dié wat die gawe van die Heilige Gees ontvang, sal uitgaan en hierdie goeie boodskap aan alle mense verkondig. So sal die oes vir die koninkryk van God ingesamel word.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Vra een van die kinders om te open met gebed.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Nadat Jesus uit die dood opgestaan het, het Hy oor 'n tydperk van 40 dae by verskeie geleenthede aan die apostels verskyn. Apostels is mense wat gekies en gestuur is om die evangelie aan mense te gaan verkondig. *Evangelie* beteken die goeie nuus dat Jesus ons sonde weggeneem het. Die apostels moes eers wag op die gawe wat God aan hulle beloof het. Dié gawe was die Heilige Gees.

Die Heilige Gees is tydens die pinksterfees uitgestort.

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by die kinders in:

- Die Here het die apostels uitgestuur om die evangelie aan alle mense te verkondig.
- Hulle moes eers wag op die gawe wat die Vader beloop het.
- Hierdie gawe was die Heilige Gees.
- Die Heilige Gees is tydens die pinksterfees uitgestort.
- Op hierdie dag was daar duisende Jode byeen vir die pinksterfees.
- Daar was tekens met die uitstorting van die Heilige Gees:
 - o Die geluid van 'n geweldige stormwind.
 - o iets soos vuurvlamme wat verdeel en op elkeen van hulle kom sit het.
 - o Mense wat in verskillende tale begin praat.
- Petrus het verduidelik dat hierdie tekens beteken dat die Heilige Gees uitgestort is.
- Hy verseker hulle dat elkeen wat die Naam van die Here aanroep, gered sal word.
- Petrus se preek het die mense diep getref.
- Hy het gesê: *Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus.*
- Om jou te bekeer, beteken om altyd om te draai na die Here om –
 - o jou te laat beseft dat Jesus alleen jou van sondes kan verlos.
 - o die Heilige Gees toe te laat om dit wat jy doen, sê en dink volgens die wil van God te laat wees.
- Deur die apostels se preekwerk en die werk van die Heilige Gees het mense tot bekering gekom en in Jesus geglo.
- Al hoe meer mense het geglo, en so het die kerk gegroei.

IETS OM TE DOEN

- Verdeel die kinders in groepies – minstens een kind uit elke graad of soos omstandighede dit toelaat.
- Gee vir elke groep 'n Bybelgedeelte om te lees.
- Laat hulle die volgende vrae beantwoord en daarvoor gesels.
- Beweeg tussen hulle rond en gee die korrekte antwoorde waar nodig.

GROEP EEN

Handelinge 2: 1-13: Die uitstorting van die Heilige Gees

- Waar was die mense die dag toe die pinksterfees aanbreek? *Hulle was almal op een plek bymekaar.*
- Wat het die mense gehoor? *Daar was skielik 'n geluid uit die hemel soos 'n geweldige stormwind.*
- Wat het die mense gesien? *Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle afgekom het.*
- Wat dink julle is die betekenis daarvan? *Dit is 'n teken dat die Heilige Gees op hulle uitgestort is.*

- Waarmee is die mense vervul? *Met die Heilige Gees.*
- Wat kan julle van Hom vertel? *(Gesprek.)*
- Wat het die Heilige Gees aan hulle gegee? *Hulle het in tale begin praat onder leiding van die Heilige Gees.*
- Wat dink julle was hierdie tale? *Dit was die gawes waarmee hulle oor Jesus kon getuig.*
- Hoe het die mense gereageer op die verskillende tale wat gepraat is? *Party was verbaas en het gewonder wat dit kon beteken. Ander het gespot en gesê dat hulle dronk is.*

GROEP TWEE

Handelinge 2: 14-36: Petrus se toespraak op die pinksterdag

- Wie het aan die mense verduidelik wat gebeur het? *Petrus het die mense toegesprek onder leiding van die Heilige Gees.*
- Wat weet julle nog alles van hom? *Hy was eintlik die leier van die dissipels; hy het Malgus se oor afgekap; hy het Jesus verloën.*
- Wat het Petrus vir hulle gesê? *Hy het gesê dat dit maar nege uur in die oggend is. Die mense is nie dronk soos wat hulle dink nie.*
- Wat het dit met nege uur te doen? *Mense het nooit so vroeg in die oggend al sterk drank gebruik nie.*
- Watter profeet het gesê dat die Gees uitgestort sal word? *Die profeet Joël.*
- Kyk in julle Bybels of julle nog iets van hierdie profeet kan uitvind. *Gaan kyk na die opskrif van Joël in die Ou Testament, 1983-vertaling.*
- Wat sal gebeur met elkeen wat die Naam van die Here aanroep? *Hulle sal gered word.*
- Wat beteken dit? *Hulle sonde word vergewe en hulle ontvang die ewige lewe.*
- Waar is Jesus tans? *Aan die regterhand van God.*
- Wat kan julle meer daarvan sê? *As iemand aan iemand se regterhand gaan sit, beteken dit hy regeer namens daardie persoon. Jesus is daarom ons koning, want Hy regeer ons met sy Woord; sy reëls word daarin vir ons gegee.*

BY DIE HUIS

DOEN

Laat hulle hulle eie mening oor die volgende gaan neerskryf:

- Wat word bedoel daarmee dat Jesus vir Hom deur die Heilige Gees 'n kerk op aarde vestig? *Wanneer mense die Woord van God hoor, kom hulle tot bekering en glo hulle in Jesus. Al hoe meer mense het geglo, en so word die kerk gevestig.*
- Hoe verkondig 'n mens die evangelie met woorde en daede? *'n Mens vertel ander mense dat Jesus ons sonde weggeneem het en vir ons uit die dood opgestaan het. Deur die regte en goeie dinge te doen wat God ons leer, sien ander mense dit en wil hulle ook graag die God aanbid wat jou die goeie dinge laat doen.*

LEER

Laat hulle die volgende inligting gaan memoriseer:

Tydens watter fees is die Heilige Gees uitgestort?	Tydens pinksterfees.
Wanneer is pinksterfees gehou?	Dit is 'n oesfees wat 50 dae na paasfees gehou is.
Wat gebeur tydens die oesfees?	Twee brode is gebak van die eerste koringoes en aan die Here geoffer om Hom te dank vir die oes.
Watter profeet het die uitstorting van die Heilige Gees lank gelede voorspel?	Die profeet Joël.
Aan wie moet die evangelie verkondig word?	God wil hê die evangelie moet uitgedra word na alle mense.
Wat beteken <i>apostel</i> ?	<i>Gestuurde</i> . Dit is mense wat uitgestuur is om die evangelie aan alle mense te verkondig.
Watter tekens was daar met die uitstorting van die Heilige Gees?	Die geluid van 'n geweldige stormwind; iets soos vuurvlamme wat verdeel en op elkeen afgekom het; die mense het ook in verskillende tale begin praat.
Wie het die mense toegesprek op die pinksterfees?	Petrus het die mense toegesprek.
Wat het die mense wat die gawe van die Gees ontvang het, gedoen?	Dié wat die Heilige Gees ontvang het, het uitgegaan en die goeie boodskap aan alle mense verkondig.
Leer Handeling 2: 38.	<i>Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang."</i>

AFSLUITING

Laat een van die kinders Gesang 442: 1 lees as 'n gebed.

Gees van God wat in my woon,
breek die Woord vir my.
Gees van God wat in my woon,
kom en heilig my.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, kom heilig my –
breek die Woord vir my. Amen.